




HALLO, WEET IEMAND WAT 'GOVERNANCE' IS?



"Hallo, weet iemand wat 'governance' is?" is die opskrif van 'n rubriek van Japke-d. Bouma wat onlangs in die NRC Handelsblad in Nederland verskyn het.* Ek moes aan hierdie rubriek dink toe 'n kollega my vra wat die Afrikaanse vertaling van "corporate governance" is. Die kollega is nie gelukkig met die bestaande vertaling van "korporatiewe bestuur" (ek weet mense verwys ook na "korporatiewe beheer") nie, want dit sê nie so mooi soos die Engels nie. Ek vra toe wat word met "corporate governance" bedoel. Dit help om te weet wat 'n woord beteken voordat 'n mens die vertaling daarvoor gee. Die kollega het nogal 'n lang antwoord gegee, maar ek sal weer daarvoor moet gaan google.

Ek troos my daaraan dat Japke-d. ook met die term "governance" gestoei het. Japke-d. skryf soos volg: "Wat is 'governance'? Iets met bestuur, iets met controle, lelijk jargon? Je hoort het woord in ieder geval vaak op kantoor en het is vast heel belangrijk, maar iedereen heeft een andere definitie."

Ons gaan dalk soms te onverskillig met veral Engelse gonswoorde om met die oënskynde gerusstelling dat almal mos Engels verstaan. Maar sal die gemiddelde moedertaalsprekers van Engels weet wat "corporate governance" is? Hulle sal heelwaarskynlik nie weet nie, want dit is jargon. Om dus te sê dat die Engelse term beter is, is daarom 'n gevaarlike redenasie.

Die gevaar is dat 'n mens in 'n lingua franca kan praat sonder om werklik te kommunikeer. Daarom is die ATKV betrokke by belangrike sake soos taalregte. As mense weet wat hulle bestaande taalregte is en dit opneem, sal ons dalk beter kan kommunikeer. Lees gerus op <https://www.atkv.org.za/Korporatief/Nuus/ArticleID/14400/Taalregte-onder-die-loep-tydens-ATKV-Taalregtesimposium> meer oor die geskiedkundige taalregtesimposium wat saam met die taalaktivis en prokureur, Cerneels Lourens, gehou is. Prof Susan Smith vertel in die uitgawe meer oor Afrikaans, Xhosa en Engels voorsiening maak. As daar nou 'n taal is wat universeel is, dan is dit die taal van musiek. Lees ook meer oor die groot rol wat die ATKV by die Wêreldkoorspele speel.

Wat is nou die antwoord op die tergende vraag van die Nederlandse rubriek? Miskien hierdie antwoord: "Wat dacht je van: we weten het zelf ook niet en daarom noemen we het maar governance?"

Karien Brits

Taalliefhebber en toevallig ook die redakteur

*Lees gerus die hele rubriek. Dit is komies maar waar.

<https://www.nrc.nl/nieuws/2018/05/22/hallo-weet-iemand-wat-governance-is-a1603779>

Afrikaans

BY UFH

Die storie van Afrikaans by die Universiteit van Fort Hare is een van vasbyt, deurdruk en moedhou, wat as 't ware ook die motto van die universiteit kan wees. Fort Hare bied aan beide die student en die dosent 'n buitengewone en unieke ervaring. Die uitdagings is groot; onder moeilike omstandighede en gebrek aan behoorlike infrastruktuur vra dit 'n liefde vir jou vakgebied en vir die jongmense wat voor jou sit. Want jy maak 'n verskil.

Die Universiteit van Fort Hare het in 2016 sy honderdjarige bestaan gevier en het 'n lang en ryk geskiedenis, waarin die vryheidstryd ook 'n belangrike rol gespeel het. Ons vertel graag dat Nelson Mandela 'n voorgraadse student hier was, soos ook Govan Mbeki, Oliver Tambo, Chris Hani en Desmond Tutu, terwyl Afrikaleiers Kenneth Kaunda, Seretse Khama, Julius Nyerere en selfs Robert Mugabe hier studeer het. Nog 'n alumnus, Mary Malahlela is die eerste swart vrou wat 'n dokter geword het.

Mandela, wat gedurende die 1940's Latyn en fisika gestudeer het, noem UFH in sy outobiografie die Oxford en Cambridge, die Harvard en Yale vir jong swart Suid-Afrikaners gedurende daardie jare.

Fort Hare was oorspronklik 'n Britse fort in die grensoorlog tussen Britse setlaars en die plaaslike bevolking. UFH het sy wortels in die Lovedale Sendingkollege wat naby die fort gebou was, met Alexander Kerr as

die eerste rektor en D.D.T. Javabu die eerste swart lektor in Latyn en Afrikatale. In ooreenstemming met die Christelike beginsels van die sendingkollege was fooie grootliks gesubsidieer en heelwat beurse beskikbaar.

Maar dit was ook 'n universiteit wat onder geweldige druk was, veral gedurende die apartheidsjare, en lank gebuk gegaan het onder 'n stigma as 'n sogenaamde bosuniversiteit. In 2005 smelt die satellietkampus van Rhodes Universiteit in Oos-Londen saam met Fort Hare en 'n stadskampus kom tot stand, waar die nuwe Afrikaansdepartement sy beslag kry. As eenmandepartement – of altans dan, een vrou – is die Afrikaansdepartement onder druk om te wys of hy die pyp gaan rook ná die sluiting van Afrikaans op Alice weens gebrek aan studente. Studentegetalle in Afrikaans groei van 'n skamele 9 studente in 2005 tot oor 'n honderd, en Afrikaans word aangebied vanaf eerstejaar-tot op doktrale vlak. Met die groei van studentegetalle vind groei ook plaas deur die aanstelling van dr. Shamięga Chaudhari, en later Tertius Kapp, wat in dié tyd by Fort Hare die Hertogprys vir Drama inpalm. Intussen het Tertius ons verlaat en lewer Dewald Koen 'n onskatbare bydrae.

Shamięga Chaudhari se navorsingspesialiteit is die geskiedenis en oorsprong van Afrikaans, en veral ook Afrikafeminisme. Dewald is tans



besig met sy doktrale in ekokritiek, onder my studieleiding en my eie spesialiteit is ekokritiek en ekopoësie.

Die Universiteit van Fort Hare spog met 'n taalbeleid wat in die ware sin van die woord veeltaligheid en multikulturaliteit voorstaan. Afrikaans, saam met isiXhosa en Engels, is die amptelike tale van die universiteit en die lewendige en buitengewone uitvoering van die ou Afrikaanse liedjie “Suikerbos ek wil jou hê” deur die universiteitskoor, met die graduandi wat meedoen en saamdans is staande tradisie by die gradeplegtighede, wat 'n egte Afrika-ervaring is, jubelend en feestelik.

In 'n opvolginsetsel vertel ek meer oor die Afrikaansdepartement en sy studente.

Susan Smith

*Susan Smith is professor in Afrikaans aan die Universiteit van Fort Hare en digter van twee digbundels, *In die afwesigheid van sin* (2012) en *Die aarde is 'n eierblou ark* (2016).

Goddank vir klank DIE WONDERWÊRELD VAN RADIODRAMA

Op Dinsdag 10 Julie was Kobus Burger, van RSG, die spreker by ons maandelikse Prolingua byeenkoms. Ek het al vir weke lank uitgesien na hierdie dag. Burger het kom gesels oor die wêreld van radiodramas. Ek is versot op radiodramas. Wanneer ek op kantoor is, sit ek my oorfone in my ore en luister lekker saam na RSG se radiodramas terwyl ek werk. Hoe ongelooflik is dit nie dat 'n hele nuwe wêreld geskep word deur middel van klank?

Volgens Burger is daar goeie nuus vir die radiobedryf. Die radiobedryf sterf nie uit soos ons TV-bedryf en gedruktemedia nie. Inteendeel, die radiobedryf groei van krag tot krag deur potgooie ens.

Een van Suid-Afrika se bekendste en suksesvolste radiodramas is *Die rebellie van Lafras Verwey* deur wyle Chris Barnard. Hierdie drama is vir die eerste keer op 5 Maart 1971 uitgesaai deur Cor Nortjé met Cobus Rossouw as Lafras Verwey. In 1970 is hierdie drama vertaal in Nederlands, Engels, Frans en Italiaans. Die vraag is egter, hoekom word vandag se radiodramas nie meer internasionaal uitgesaai en vertaal nie. Volgens Burger is een van die redes dat Afrikaanse radiodramas nie universele temas bevat nie. Dit is goed dat radiodramaskrywers oor onderwerpe en temas skryf waarmee die Afrikaner kan vereenselwig, maar luisteraars kan ook met universele temas vereenselwig en so dié dramas se plek in die internasionale kunste vestig.

Burger het tydens sy gesprek ook genoem wat die radiodrama bied. Hy het die volgende elemente genoem; eerlikheid, intimiteit, eenvoud, suiwerheid, verbeeldingsreise en medeskeppendheid. Jou ouditiewe vermoë maak dit moontlik om alle ander sinuïte te prikkel. Deur na die karakters te luister, die byklanke en musiek te hoor, vorm jy 'n prentjie in jou verbeelding van die verhaal waarna jy luister.

Dit was vir my fantasties om na hierdie gesprek te luister en ek is so opgewonde vir die toekoms van radiodramas. Ek dink byvoorbeeld hoeveel dit kan bydra tot die onderwys. Schalk Schoombie se *My Japan* is verwerk in 'n radiodrama en dit was vir 'n lang ruk die voorgeskrewe drama vir matrieks. Deur na die drama te luister, kan dit die leer- en onderrigproses vergemaklik.

Ek is dit eens met Burger se titel vir die gesprek, **Goddank vir klank!**

Mandie Ehlers

TAAL & KULTUUR



Julie

- 20:** ATKV-kinderboektoekennings: Inskrywings sluit
- 25-27:** ATKV-Spelathonfinaal: Oos-Kaap (Graad 6 tot Graad 12)
- 30-31:** ATKV-Tienertoneel: Ermelo en Johannesburg
ATKV-Spelathonfinaal: Limpopo (Graad 6 tot Graad 12)

Augustus

- 1:** ATKV-Tienertoneel: Ermelo en Johannesburg
- 2-3:** ATKV-Tienertoneel: Ermelo en Johannesburg
ATKV-Spelathonfinaal: KwaZulu-Natal
(Graad 6 tot Graad 12)
- 4:** ATKV-Tienertoneel: Ermelo en Johannesburg
- 6-8:** ATKV-Tienertoneel: Bloemfontein en Roodepoort
ATKV-Spelathonfinaal: Wes-Kaap (Graad 6 tot Graad 12)
ATKV-Muziq en -Muziqanto: Tweede en finale rondes
- 9:** ATKV-Tienertoneel: Bloemfontein en Roodepoort
Nasionale Vrouedag
- 10-11:** ATKV-Tienertoneel: Bloemfontein en Roodepoort
- 13:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth
ATKV-Spelathonfinaal: Vrystaat
(Graad 6 tot Graad 12)
- 14:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth
ATKV-Spelathonfinaal: Vrystaat
(Graad 6 tot Graad 12)
Koop 'n Afrikaanse boek-dag
- 15:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth
ATKV-Spelathonfinaal: Vrystaat (Graad 6 tot Graad 12)
Inkstories
- 16:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth en Namibië
ATKV-Spelathonfinaal: Noord-Kaap
(Graad 6 tot Graad 12)
Ommietafel 2018
ATKV-Redenaarsfinaal: ATKV-Bufferpoort
- 17:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth en Namibië
ATKV-Spelathonfinaal: Noord-Kaap (Graad 6 tot Graad 12)
ATKV-Redenaarsfinaal: ATKV-Bufferpoort
- 18:** ATKV-Tienertoneel: Port Elizabeth
ATKV-Debatsfinaal: ATKV-Bufferpoort
- 20-21:** ATKV-Tienertoneel: Durban en Pretoria
- 22:** ATKV-Tienertoneel: Pretoria
ATKV-Spelathonfinaal: Mpumalanga
(Graad 6 tot Graad 12)
- 23-24:** ATKV-Tienertoneel: Kaapstad en Pretoria
ATKV-Spelathonfinaal: Noordwes (Graad 6 en Graad 12)
- 25:** ATKV-Tienertoneel: Kaapstad en Pretoria
- 27:** ATKV-Tienertoneel: Durbanville en Potchefstroom
- 28-30:** ATKV-Tienertoneel: Durbanville en Potchefstroom
ATKV-Spelathonfinaal: Mpumalanga
(Graad 6 tot Graad 12)
- 31:** ATKV-Tienertoneel: Durbanville en Potchefstroom
Bekendmaking van ATKV-Woordveertjiewenners

Wat gaan vir WAT



Op die foto: SKEP se personeel saam met dr. Willem Botha

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal het pas 'n kompetisie vir die treffendste Afrikaanse handelsnaam geloods. Die doel van die kompetisie is om mense bewus te maak van die skeppende krag van Afrikaans en dat jy suksesvol met 'n Afrikaanse naam kan handel dryf.

Kan jy suksesvol in Afrikaans handel dryf?

Die antwoord is 'n besliste **ja**. Ilse Schutte van McGregor se wynmakery heet *Bemind* en volgens haar is dit veral Engelssprekende klante wat die grootste waardering vir die naam het. Hulle snap dikwels die verband met *beminde*, terwyl Afrikaanssprekendes dink dit is 'n Engelse naam en dit as *Bemaaind* uitspreek omdat hulle gekondisioneer is om te dink dat 'n handelsnaam Engels moet wees. Afrikaanse name het beslis ook 'n toeristiese waarde en toeriste hou van die uniekheid van Afrikaanse name – die bekoring van die onbekende. Om dieselfde rede word groot sukses ook met Nederlandse name in Suid-Afrika behaal. Ook Suid-Afrikaners hou van name wat iets van die onbekende in hulle dra. In hierdie geval is onbekend beslis nie onbemind nie!

Die enigste voorwaarde is dat die naam vir R100 geborg of vir R5 000 gekoop moet word in die WAT se Borg 'n Woord-projek. Een van die eerste inskrywings is **SKEP**, die naam van die argiteksfirma in Stellenbosch. Die wenner sal by 'n Woordpret-geleentheid van die WAT aangekondig word en die wenner sal ook 'n spesiaal ontwerpte sertifikaat van die WAT ontvang. Ander vroeë inskrywings is **Knus Karoo Kombuis** in die Paarl, **Platsak**, 'n vulstasie en winkel in Witrivier, **Gister**, 'n oudhedewinkel in Somerset-Wes. Besoek www.wat.co.za om deel te neem aan Borg 'n Woord en bel 021 8873113 om in te skryf vir die handelsnaamkompetisie. Jy kan ook treffende name waarvan jy bewus is vir die WAT stuur en ons sal die eienaar van die onderneming kontak om deel te neem. **Die sluitingsdatum is 31 Augustus.**

TIENDE WÊRELDKOORSPELE WYS SUID-AFRIKA KAN SING!

Die Suid-Afrikaanse kore het koning gekraai tydens die afgelope Wêreldkoorspele in Tshwane. Die Koorspele word elke tweede jaar aangebied en vanjaar was die eerste keer dat dit in Afrika plaasvind. Die ATKV en meer spesifiek ATKV-Appolous het gedurende Mei koorwerkswinkels regoor die land in samewerking met die Wêreldkoorspele aangebied om die kore te ondersteun in hul voorbereiding vir dié kompetisie.

Van 4 – 14 Julie was Pretoria die koorstad van die wêreld met 16 000 koorlede. Daar was meer as 300 kore van 60 verskillende lande wat ingeskryf het met Suid-Afrika wat deur 155 kore verteenwoordig is.

Suid-Afrika het die meeste medaljes (76) ontvang, gevolg deur China (25), Rusland (17), VSA (15) en Duitsland (9).

In die Kampioenskapafdeling vir meer ervare kore, het Suid-Afrika 38 goue, 32 silwer en 6 brons medaljes ontvang. Die Ope-afdeling, vir kore met nie soveel ervaring nie, het Suid-Afrika 46 goue, 71 silwer en 2 brons diplomas ontvang. Stellenbosch Universiteitskoor hou steeds die rekord met 99 uit 'n moontlike 100 punte wat behaal is in 2014 tydens die Wêreldkoorspele in Riga.

Interessante feite:

- Ten minste 86 Afrikaanse liedere is tydens die Koorspele gesing
- Tydens die Koorspele is daar meer 28 000 borde kos geëet
- Wonberg Jeugkoor is die grootste koor met 141 koorlede
- Lande wat die eerste keer aan die koorspele deelneem is Zimbabwe en die Demokratiese Republiek van die Kongo
- Die totale singtyd van al die kore saam is 6 430 minute. Dit is gelyk aan 4,5dae en nagte.
- 24 110 individuele punte moet bereken word.

Koorsang in Suid-Afrika is gesond en ons kan spog met van die beste kore ter wêreld. Die bekende sê-ding dat mense van Afrika kan sing is beslis waar, want as ons hartseer is, sing ons, as ons gelukkig is, sing ons, as ons swaar kry, sing ons!

Die 10de Wêreldkoorspele in Tshwane gaan beslis nog lank as 'n hoogtepunt op die koorkalender uitstaan.

Johan Esterhuizen

Vir volledige uitslae gaan na: <https://www.interkultuur.com/results/>

WAT IS *VivA*?

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) is 'n navorsingsinstituut en diensverskaffer vir Afrikaans in digitale kontekste en is 'n geregistreerde maatskappy sonder winsoogmerk.

Die maatskappy se hoofbesigheid is om die gebruik en gehalte van Afrikaans plaaslik en internasionaal uit te bou deur:

1. die beskrywing en bestudering van Afrikaans in sy volle omvang;
2. die ontwikkeling van omvattende digitale en ander hulpbronne, hulpmiddele en platforms vir gesproke en geskrewe Afrikaans; en
3. die lewering van praktiese Afrikaanse taaldienste deur middel van tegnologie.

Aanvullend tot die hoofdoelstellings, sluit VivA se doelstellings onder meer in:

- om as virtuele instituut vir Afrikaans op te tree vir die bestudering en ontwikkeling van die taal, waarby outonome, afsonderlike organisasies wat dieselfde doelstellings nastreef, ingesluit word;
- om as inisiërende, koördinerende en netwerkskeppende virtuele instituut op te tree en die spesialisfunksie van belangegroep en stigterlede-organisasies te erken en te benut, sonder om inbreuk te maak op die outonomie van die afsonderlike organisasies;
- om 'n inisiërende en koördinerende rol te speel om Afrikaanse kundigheid te ontsluit, en die infrastruktuur van die Afrikaanse gemeenskapsnetwerk doeltreffend te benut, en ook om finansiële en mensehulpbronne te werf en te ontsluit;
- om strategieë te ontwikkel vir die gebruik van Afrikaans in virtuele kontekste op verskillende lewensterreine;

- om deur virtuele netwerkskepping en samewerking doelgerig inhoud te gee aan die ontwikkeling van die hoofdoelstellings van die maatskappy; en
- om ook die gebruik van Afrikaans op 'n virtuele vlak onder nie-Afrikaanssprekendes te vergemaklik.

Vinnige feite oor Viva volgens Mei 2018 se statistieke

- VivA-webwerf: Meer as 11 450 geregistreerde gebruikers
- VivA-apps: Meer as 39 600 keer afgelaai
- 74% gebruikers is vroulik en die meeste gebruikers is 25 – 34 jaar oud.
- Top-5-woorde van die meeste gesoek is in Woordeboekportaal: idiome, leer, reel, ver en breek (spelling soos ingevoer deur gebruikers)
- Top-5-buitelandse volgelinge: Namibië (1 136 volgelinge), Verenigde State van Amerika (84 volgelinge), Nederland (82 volgelinge, Verenigde Koninkryk (78 volgelinge;) en Australië (76 volgelinge;)

- Podsendings: Meer as 5 170 luisteraars luister na VivA se twee podsendingskanale, naamlik VivA Afrikaansjoernaal en die AWS-reeks: <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/podsendings>

VivA se stigterslede is:

- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK);
- Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV);
- Trust vir Afrikaanse Onderwys; en Noordwes-Universiteit (NWU).

Me Astrid de Vos (Trust vir Afrikaanse Onderwys) is voorsitter van VivA se direksie, terwyl prof Gerhard van Huyssteen (NWU) as uitvoerende direkteur fungeer. Ander direksielede sluit in Gerrie Lemmer (ATKV); prof Opper Greeff (SAAWK); me Zahn Hulme (Atterbury Trust) en dr Donovan Lawrence (Universiteit van Wes-Kaapland).

VivA se taaladviseur(s) is me Sophia Kapp en me Jana Luther en me Marlie Coetzee tree op as bestuurshoof.

TAALKLEINOOD

Nume Afrikaans

balls-up
=
knaterflater
vir Afrikaans

woxikon.co.za

viva
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS


viva-afrikaans.org
[#viva-afrikaans](https://twitter.com/viva-afrikaans)

Spelwenke


Die afbreek van woorde aan reëleindes.

Volgens Tom McLachlan (2018:19) is dit gerieflik om 'n woord wat nie volledig in 'n reël pas nie, af te breek. Dit gebeur gewoonlik in skole en universiteite wanneer leerders en studente stukke met die hand skryf. Daar is 'n paar redes en reëls vir die afbreek van woorde:


1. Betekenisvolle dele



2. Lettergrepe



3. Handhaaf herkenbaarheid



4. Indien 'n vokaal (wat nie deel is van die diftong nie) 'n tweeklank maak, word daar voor of na die diftong afgebreek



5. Daar word altyd tussen -n- en -g- afgebreek



6. Wanneer 'n -s- en -j- langs mekaar staan, maar as twee verskillende klanke uitgespreek word



7. Wanneer 'n -s- en -j- langs mekaar staan, maar as een klank uitgespreek word



UITSONDERINGE:

UNCLE TOM-SAAL

'n Staar van angs deur die vensters van die kantoordeel van Uncle Tom's se saal was sekerlik onvermydelik daardie dag. Want al was hy, die superintendent, en die swart personeel, gewoon aan kinders wat hier op die groot oop erf en in die stofstraatjies van Orlando-Wes rondloop, was dit op dié dag anders.

Op 16 Junie 1976 was dit 'n ongekende en bietjie onverwagte uitbars van jeugwoede.

Hy kon sien hoe die polisie – die blankes in blou uniforms, gewapen en met 'n groot megafoon, die swartes in kakieuniform met net elk 'n knuppel – daar aankom, blykbaar ook verward oor hulle nog nooit voorheen jeugrumoer moes beheer nie. Die polisie het selfs honde saam gebring, en ervaring het township-personeel geleer: swart kinders is histeries as hulle 'n hond sien.

Hy, die sup, het nie geweet wat om te doen nie en het die hoof-sup gebel. Hulle daar in hoofkantoor het van min geweet en het gesê: byt vas, jy is mos gewapen. Hy het wel die twee vroulike personeellede wat vir tee en skoonmaak verantwoordelik is, huis toe gestuur, maar hierdie sou oorwaai en hulle het probeer vasskop.

Hy het so vlugtig onthou daardie hoof van welsyn, dr Edelstein, het nou wel geluide gemaak van die jeug wat ongelukkig is, maar die base het gesê dis oor daardie Joodjie te veel in die jeug ingekruip is en sy kop staan buitendien Israel toe, los dit. Die personeel het ook eendag in 'n swak oomblik toe hy, die sup, vra waaroor hulle so ernstig in Zoeloe praat, vertel dat Credo Mutwa waarsku dat die jeug kwaad is. Die base het hom daar by die Oppenheimer-toring 'n kulturele dorpie laat bou om die toeriste te trek – sodat hulle kan sien hoe baie hulle vir die mense doen al wil hulle eintlik hê hulle moet tuislande toe trek. Na Credo het niemand geluister nie, want dit was toordokterstories.

Hier was egter die dag iets aan die gebeur wat lelik gelyk het. Hulle kon nie mooi sien nie, naar dit het gelyk of daar veral 'n samedromming was in die straat met die Mandela-huis en hulle kon glo Winnie is betrokke. Hy as sup is moes haar soms gaan aanspreek as sy agterstallig was met huur en dienstegelde en sy was baie parmantig – seker oor die polisie haar so geteister het, dag en nag.

Die massas het egter begin oorspoel hier in die omgewing van die straat langsaan en hy, die sup, se angs het hom skote in die lug laat vuur. Die vrees het egter regtig toegeslaan

toe hulle sien hoe die polisie wragtig 'n kind skiet. Daardie seuntjie het naby hulle verby geloop daar na die groot massa toe. En daar skiet hulle hom sommer. Dit was vreeslik om te sien hoe daardie groot seun van die Makhubu-plek uitstorm, ('n sup ken sy huurders) die kind opraap, hardloop na die kliniek daar naby die Sesulu-huis. Daar was so baie skreeuende kinders en op-en-af joernaliste, party met kameras, maar hy het hulle nie geken nie. Net die een met die geel Volksie wat die gewonde kind, sy suster en die opraper toe oplaai en darem daarin kon slaag om deur die skare te ry kliniek toe en daarna weet hulle nie wat gebeur nie. Eers later gehoor die kind, ene Hector Pietersen van 'n ander kantoor se omgewing, is dood. Hulle het haar geken, daardie joernalis met die geel Volksie van die 'Bantu World': Sophie Tema, van Orlando-Oos. Haar pa is daar 'n predikant van die NG kerk van Afrika, sy 'n joernalis by die swart koerant. Die base het na die koerant as 'n *stirrer* verwys en die redakteur wat in Dube in 'n eie huis gehad het, goed dop gehou. Maar die koerant wat hulle nie kon verdra nie, was die 'Rand Daily Mail' wat hulle die 'Daily Liar' genoem het – en wee die swart personeellid wat met die koerant by die kantoor aankom!

Die polisie het blykbaar besef hier



is 'n oormag van swart kinders en hulle moet wegkom, maar ewe vol vrees kon die sup-hulle sien hoe die kinders die polisie aftrek as hulle op die voertuig klim. Darem gelukkig weggekome, soos hulle uit die kantoor en deur Mzimhlope en hy deur Dobsonville gekoers het, want alles wat hulle gesien het, het hulle vrek bang gemaak. Die paniek was veral toe hulle sien hoe kollega Esterhuizen, 'n sekuriteitsman, ewe onskuldig in Khumalostraat opry en probeer om deur die massa te kom, maar aangeval word. Die jeugdige het sy motor gestop, hom uitgeruk en die motor aan die brand gestee met petrol wat hulle skielik van iewers gekry het. En Esterhuizen? Hy is deur daardie wraak- en adrenalien-gelaaide jeugdige dood gekap, ook met goed wat uit die lug moes geval het, al was dit seker sommer straatklippe.

Dit was eers later dat hulle gehoor het dat dieselfde lot dr Edelstein getref het – daardie doktor Edelstein wat vriende met die matriekseuns was wat hy in jeuggroepe bedien het en hom gehelp het met navorsing vir sy doktorsgraad by Tukies, juis oor wat hulle denke is. En wie se base nie na wou luister nie – nie eens die boek wat hy gepubliseer het oor wat jong swartes dink, gelees het nie.

Die eerste toeslaan op 'n superintendentskantoor het hulle later verneem, was in Moroka/Jabavu waar die jeugtestosteron 'n gat deur die sekuriteitsnuur van finansies gekap het en hul sakke gevul met die gestoorde betalings, die rekords verbrand het. 'n Dag of so later het hulle die totale kantoor verbrand oor hulle die superintendent en sy *black jacks* so verpes het. Die Zola-kantoor-kompleks is ook verbrand, van die ander kantore soos Pimville aangeval ... kantore was 'n teiken.

Uncle Tom's was egter nie 'n superintendentskantoor nie, maar 'n gemeenskapsaal waar baie opvoerings en musiekkonserte plaasgevind het. Selfs opleiding in klassieke viool – 'n kulturele sentrum waarvoor die mense lief was. Die stadsraad van Johannesburg het dit

gebou in die 1940's pas nadat die meeste 3-vertrek-steenhuise hier in Orlando-Wes, in die volgende blokke, ontwikkel is op dieselfde patroon as die eerste formele huise in Orlando-Oos, net 'n aksie groter. Toe noem hulle die gemeenskapsentrum Uncle Tom's.

Uncle Tom's Cabin was 'n boek wat in Amerika as't ware die impak van slawerny 'oop geskryf' het en die Verenigde Party-stadsraad se keuse van die naam Uncle Tom's was dalk oor motiewe wat nie (meer) bekend is nie. Of was dit 'n bietjie skuldgevoelens oor die irriterende ou rakker Sofasonke Mapanza die spul huisloses daar langs Klipspruit laat plak het as vorm van protes? Ook as magsvertoon, want daar was hy sy eie burgemeester.

En toe die administrasie van Soweto in 1973 oorgeneem word deur 'n semi-staatsinstelling van die Nasionale Party, noem hulle die plek sommer 'Oom Tom se Saal' oor alles moes Afrikaans word. Die feit dat 'n gedeelte daarvan gebruik is vir administrasie en geldinsameling het nie die gemeenskap se waardering vir die saalgedeelte waar hulle kultuur, self speletjies en meer kon geniet, benadeel nie. Daarom, toe die jeug se woede se oorkook in die dae na 16 Junie tot hier kom, toe sê die Orlando-Wessers: "genoeg is genoeg" en vorm 'n kordon om Uncle Tom's te beskerm. Die jonges was nie lus vir sukkel nie, gaan soek iets anders om af te brand – begin sommer by daardie drankwinkel by Cross Roads, die Mofolo-Jababu-kruising en die ander drankwinkels van die Wesrandse Administrasieraad.

Uncle Tom's het voortgaan om die gemeenskap te dien en die administrasie is verskuif na die kantoor-kompleks daar langs die treinspoor naby einste Sisulu-huis. Helaas was die instandhouding van die saal swak, veral omdat die inkomste van die administrasie power was, na die amptelike betalingsboikot (laasgenoemde vanaf Junie 1986). Amptenary van gemeenskapsdienste het dapper gewerk aan die aanbieding van kultuur en sport en selfs 'n dapper

boksaand gehou in samewerking met 'n wit groep wat hul gades saamgebring het in die saalgedeelte waar daar nie damestoilette was nie.

Uncle Tom's is nou pragtig gerestoureer en opgegradeer, met goeie geriewe en kleurryke mure en dekorasies, voldoende ruskamers vir albei geslagte. Die naam is nog dieselfde maar niemand vra wie was Uncle Tom nie, want niemand gee om nie, is gewoon gewoon daaraan. Dit gaan rustig voort as kultuursentrum wat die mense bedien onderkant die Hector Pietersen-gedenkruim en museum.

Hector Pietersen was dié seuntjie wat geskiet is daardie dag en daardie einste Sophie Tema het die storie geskryf. Die fotograaf was ene Sam Nzima en sy foto het veral die storie die wêreld ingestuur. Dit is 'n vergroting van dieselfde foto wat nou ook daar pryk as middelpunt van die area van herdenking en ook Sam Nzima, 'n gerekende. Hulle moet net Sophie ook onthou, maar veral die kind as slagoffer wat nou 'n simbool is van die opstand en begin van verandering.

En daardie sup en sy personeel? Hy was eintlik net 'n assistent, maar het 'n pakket gevat toe pakkette vir die wit personeel aangebied word in 1984/5. Die ander het aangebly en net verwagtinge vir die nuwe bedeling van swart raadslede van die Nasionale Party-regering, maar gevul is met groot irritasie oor die volksgenote, wel, nie juis die mense gedien het nie en daar buitendien ander politiek aan die broei was en hulle baie blootgestel in die boikot-tyd. Van hulle het na die nuwe bedeling op pensioen afgetree na baie jare diens, hoewel hulle darem bietjie bevorder is by die stadsraad oor die blanke poste oopgegaan het.

Lank lewe Uncle Tom's en die ATKV wat die program vir meertaligheid elke jaar daar afskop. Dit dra by tot die kleurrykheid van die geskiedenis, van die onthou, van 'n inklusiewe toekoms.



DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

STUDIE DEUR EN IN AFRIKAANS

BEURSE

- MAGISTERSTUDENTE
- DOKTORALE STUDENTE

Die SA AKADEMIE stel die bostaande beurse bekend!

M-STUDENTE

- Beurse (eenmalig) tot 'n maksimum van R60 000.00
- Beskikbaar vir 'n studie deur Afrikaans in enige studierigting by enige universiteit in Suid-Afrika
- Die eindproduk van die studie – byvoorbeeld 'n verhandeling of skripsie MOET in Afrikaans wees en as sodanig vir eksaminering ingedien word.

D-STUDENTE

- Beurse (eenmalig) tot 'n maksimum van R120 000.00
- Beskikbaar vir 'n studie deur Afrikaans in enige studierigting by enige universiteit in Suid-Afrika
- Die eindproduk van die studie, 'n proefskrif of enige vereiste uitkoms, MOET in Afrikaans vir eksaminering ingedien word.

AANSOEKE SLUIT : 31 Augustus 2018

Vir volledige inligting kontak MELANIE RENS by beurse@akademie.co.za of skakel 086 133 3786

Besoek ook die Akademie se webblad www.akademie.co.za vir inligting of om elektronies aansoek te doen